

LEEULANDER 2021

UITSIG VAN BO

Please send your news to leeulander@swartland.co.za

Boodskap van ons HUB

Beste Swartlanders,

Dit is moeilik om te glo dat vanjaar, Swartland se 70ste bestaansjaar, alreeds einde se kant toe staan. Ek wil graag van die geleentheid gebruik maak om terug te kyk oor die afgelope jaar.

Ons het baie van ons geliefdes aan Covid afgestaan - ook van ons personeel wat vir ons soos familieledes was. Dit was 'n groot verlies en ons bly hartseer, maar hulle leef voort in ons harte en ons sal hulle nooit vergeet nie. Ons het nog 'n jaar van Covid-19 inperkings deurleef en die bekendstelling van die entstof is met ope arms verwelkom.

Daar is geen twyfel dat 2021 'n baie uitdagende jaar vir Swartland - en die boubedryf in Suid-Afrika as

geheel - was nie, maar deur harde werk en deursettingsvermoë het ons te midde van al die teëspoed nog steeds goed presteer.

Ons innoveer voortdurend, ons vind maniere om ons interne bedryfstelsels te verbeter en ons verhoudings met kliënte te versterk deur aan hul ontwikkelende behoeftes te voldoen. So verseker ons dat Swartland die nommer een keuse in die boubedryf bly. Ons is juis in November bekroon met Build It se Verskaffer van die Jaar 2020 Toekenning.

Ek is seker dat 2022 ook uitdagings sal inhou, maar ek het groot vertroue dat, soos in 2021, ons dié uitdagings sal oorkom

met ons personeel se volgehoue toewyding aan 'n kwaliteit ervaring.



Hans Hanekom neem die Build It Verskaffer van die Jaar-toekenning vir 2020 in ontvangs namens Swartland. Baie dankie aan julle almal vir julle bydrae tot ons wenspan.

Namens die uitvoerende span wens ek almal 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige en gelukkige nuwe jaar toe.

Vat 'n lekker en welverdiende ruskans en geniet die tyd saam met jul geliefdes. Bly gesond en bly veilig.

MOORREESBURG NUUS


Voorverwerking se Spanbou-dag – 2021.

Moorreesburg se onderskeie voorverwerking-spanne het hulle spanbou-uitstappie in koue, nat toestande aangedurf. Die spanne het Voëlklei Dam besoek om 'n bietjie meer voor hulle bedrywighede te leer. Daarna het sommige


spanlede die voetpaaië in die heuwels van die Hans' Gift Natuurreservaat naby Riebeeck-Wes gaan verken, terwyl andere die roetes van Goedgedacht gestap het. Al die spanne was daar - D&P Aanleg, Werf en Droging en Ripplant.




New products




EBEURHRZMIO
/WHT



EBEURHRZMIO
/GREY



EBCLNLIO
/GREY




EBCSSLIO
/GREY



EBCTBLIO
/GREY



DIFKYD12P/1.2



KYD4F

Wat doen Swartland vir ons gemeenskap?

Die Thornham Educare Centre in die Tsitsikamma bestaan al 21 jaar. Thornham word tans deur die skoolhoof, Me Dawson Nelson, bestuur nadat die vorige eenaar onlangs afgetree het. Daar is 26 kinders tussen die ouderdomme van 2 en 5 jaar in die crèche.

Buiten die ouers se bydraes, ontvang hulle geen ander fondse nie. Swartland het weereens hulle harte vir die plaaslike gemeenskap oopgemaak en in Oktober 2021 'n skenking aan die crèche gemaak wat onder andere kos en ontsmettingmiddel ingesluit het.



PRESTASIES



Marco Fortuin het sy supertendent klere ontvang.



Ons sê dankie aan al die mense wat geslaag het as TPM operateurs in Moorreesburg vir 2021.



Elrico Javang, Kim Holloway, Samuel Van Staden

Elrico Javang, Kim Holloway en Samuel Van Staden het almal hul kursusse in ISO 9001-2015 Gehalte Bestuurstelsels, OSAS 18001 Veiligheid Bestuurstelsels en ISO 14001 Omgewing Bestuurstelsels met sukses voltooi. Maar dis nie al nie, hulle het ook 'n projek om hulle nuwe vaardighede op die proef te stel geslaag. Die laaste uitdaging was die eksamen wat hulle moes aflê. Veels geluk met julle prestasie! Julle nuwe vaardighede sal beslis bydra tot Swartland se sukses. Hou so vol!

Langdiens 2021 – baie geluk!!

30 JAAR

Yolanda Ruiters
Venecia Danster
Immanuel Coenraad
Matthews Adams
Henry Sauls

25 JAAR

Estelle Bester
Juanita Williams
Ivan Adams
Marius Bruintjies

20 JAAR

Ernest Blouw
Jacobus Louw
Andrecia Fredericks
Anna Tieties
Cheryl Anthony
Christiaan Marcus
Elana Swarts
David Wagenaar
Paul Hendricks
Adrian Olifant
Cecelia Links
Jerome Isaacs
Brenda April
Eben September
Leonora Van Rooyen
Lydia Appollis
Levona Hanekom
Brin Petersen
Shawn Koopman

Jakobus Melenephy

Jacobus Lourens
Suzette Scott
15 JAAR
Meresa Treurnicht
Storm Regester
Eugynn Alexander
Zelda Thomas
Japhta Mapoulo
Sharoldine Morris
Larry Jegels
Donavan Harker
Eduan Jacobs
Adriaan Van Niekerk
John Jackey Davids
Norman Komana
Tshililo Sigaima
Christo Visagie
Tebogo Bapela
Samuel Kapank
Lesita Lehlohla
Steward Alexander
Catherine Januarie
Garith Maarman
Sally Delport
Ashley Adonis
Anneline Nango
Eric Bejana
Katherine Botes
Martha Beukes
Tanya Engelbrecht
Etienne Terblanche

10 JAAR

Clinton Le Roux
Duane Swart
Justus Roscher
Gerome Moses
Marilyn Van Der Vent
Sergio Swigelaar
Nigel Matthyse
Heidi Marais
Cheslin Davids
Nigel Africa
Eben Davids
Eugeny Manuel
Shane Geduld
Jessica Ruhl
Josua Paulsen
Christo Simon
Gurshwin Abrahams
Emmerentia Jantjies
Elmarie Fortuin
Wilfred Valentine
Clyde Cleophas
Denolene Coetzee
Justin Booysen
Patricia Dawson
Clifton Manewil
Melody Gordon
Andriëtte Mentoor
Llewellyn Farao
Izanne Hendricks
Ashley Isaacs
Elma Hanekom

LET'S GET SOCIAL COL influencers Day



We hosted our social media influencers last week. They were treated to a presentation and factory tour by Johan Visser.

Anneri Louw, Roxanne Breedt, Elle Franco, Ndandu, Aamirah Jano, Rae Roberts, Nerissa Joubert, Jessica Barrella

Nuwe Takealot COL Bokslyn

Swartland Investments sal van Januarie 2022 'n nuwe boks-lyn in werking stel. Ons is baie opgewonde oor die nuwe projek en ons is seker dat dit ons net nog trotser gaan maak op die handewerk van die Swartland-familie. As ons een ding van lockdown geleer het, is dit dat e-handel (aanlynaankope en -verkope) die nuwe manier is om besigheid te doen. Om dié rede het die EXCO in April 2021 besluit om 'n groot verskeidenheid bestaande en nuwe produkte op die Takealot-aanlynplatform te koop aan te bied. Een van Takealot se vereistes is dat die produkte in bokse verpak moet word om dit



te beskerm wanneer dit hanteer en vervoer word. Dit is hier waar die saadjie geplant is om ons eie boks-lyn vir Swartland te begin. Verpakkingkoste is 'n groot uitgawe vir Swartland. Die gebruik van die boksmasjinerie sal vir ons geld spaar en ons interne LEAN-vervaardingsprosesse versterk. Die masjinerie in die boks-lyn is 'n "Slitter Scorer" wat groot kartonvelle in die regte wydte en lengte sny om die basis van die bokse te vorm, en 'n

"Platform Die Cutter" wat die basis dan volgens 'n spesifieke "die"-templaat uitdruk in die plat patroon van die boks met die nodig voulyne. Ons gaan net fokus op produkte wat in bruin bokse sonder enige drukwerk verpak word. Dit sluit 'n groot aantal items van die COL Timbers-reeks in, asook die deure van Pine Doors wat uitgevoer word. Die nuwe boks-lyn sal by SID (Atlantis) opgerig word en behoort teeneinde Januarie 2022 in aksie te wees.

Kenzo Specials kry 'n "nuwe" tuiste

Kenzo se venstersfabriek het onlangs 'n gedaanteverwisseling ondergaan. Die skuifdeur-afdeling het na 'n nuwe gebou getrek en die ou Winsters-gebou vervaardig nou net vensters. Met meer plek het ons die kans gekry om ons Spesiale Venster-lyn weer uit te lê en die vloei te verbeter. Met deure wat 'n nuwe perseel geskuif het, vloei "Specials" nou beter as ooit deur fabriek. Daar is nog baie uitdagings wat voorlê, soos Kanban, "Single Piece Flow" en om alles op die eerste probeerslag reg te kry. Maar ons is reg vir die volgende uitdagende bestellings, want wees verseker, ons is altyd besig om deurstel-tye in die fabriek te verbeter. Sterkte aan Shawn en sy span!



Tekkies vat Deurfabriek se Bestuur op 'n uitstappie

07:30 Saterdagoggend...

Deurstel-tyd Fanie en Mooipraat Marius bult kliphard uit in 'n Malmesbury straat toe ek uiteindelik daar opdaag. My petrol-kabel het so 'n bietjie vasgehaak. Maar ons is daar weg, al stofpad-langs – karoo-toe. Waarheen is enigiemand se raaskoot, maar almal het 'n sakkie hout byderhand – almal, behalwe Leer-uitkoms Clinton wat 'n enkel boomstomp saamsleep (hy verstaan nie dat nie sakkie hout beter as 'n boomstomp brand nie).

En daar gaat ons! Met Nuwekloof Pas, Mitchell's Pas, Ceres, en Karooport agter die rug, help ons gou 'n vreemdeling om motorfiets van 'n bakkie af laai. Na 'n kort stoppie, kies ons weer koers - nóg meer stofvreet en vasbyt. Die Tankwa-padstal is stowwerige steampunk-weird, lekker plek vir 'n middagbraai. Ek's nogal deel van die party. Vreemde Bikers neem

foto's van Conrad, my rekenmeester, en die petrolpedaal baklei met ons teen die Katbakkies pas uit. Op die Skitterykloof Pas vaar Kalm Karel beter, en voor jy weet is ons deur die Blinkberg Pas, die Cederberge in. 'n Stuk steak om jouself te voer was die opdrag, maar Peter Overload maak 'n vuur wat vir ons nege uur lank aan die braai hou – skaapribbetjies ('n hele skaaprib se tjops) wors, biltong steak, varkribbetjies, rib-oog steak, en 3kg Texan steak.

Hand-aan-hand Jevon wen die Masterchef-kroon. Ek dink iemand het slaai gebring.

Ná nog drie stofvreet-passe, twee teerpasse en wiele wat fluit-fluit om Piekenierskloof Pas se draaie tol, is ons weer tuis. Twee dae, 12 passe en sewe manne... Mens kan nie geharde goeters met gevrekte mense doen nie – dis my beskeie mening. Tekkies 1974 VW Beetle.



Meet the Pine Doors Creditors Department



From left to right: Theresa Grant, Milyn Davids, Emma Visser, Petro Erasmus



Doelwit van 1000 Spekbome

"Dankie aan al die fabrieke wat saam met ons kom spekbome plant het. Ons beoog om 1 000 spekbome te plant en ons staan al klaar op 742."

Veiligheid bo alles



Die afgelope maand het baie geleenthede en ook baie uitdagings vir ons by SUMMIT gebied. Ons het as produksiespan saamgespan om elke geleentheid aan te gryp en elke uitdaging met 'n positiewe houding aan te pak om op tred te bly met die groter vooruitsigte vir XPS.



Verkope styg elke maand goed danksy die verkoopsman se harde werk. Ons is baie opgewonde oor volgende jaar en ons sien uit na die groot mark-uitbreiding en die nuwe hoogtes wat ons as Swartland Insulasie in 2022 gaan bereik. By XPS is veiligheid baie belangrik en daarom het

ons in samewerking met die opleidings-afdeling vir Oom Pieter gekry om ons touwys te maak oor die nodige brandbestrydingstegnieke en al die toerusting wat op die perseel beskikbaar is. Die personeel het die opleiding baie geniet en sien uit na die volgende brandbestryding opskerp-sessie.

Swartland supplies new development

Swartland supplied the Ballito lifestyle estate situated along Dolphin Coast with windows and doors. The development is close to the beach and King Shaka International Airport.



Congratulations to Thabani on becoming a father. May your baby be blessed with good health, love and laughter.

Raai wie?



Hans, Jurie & James Hanekom



Bruce Waller



Martin Potgieter



BrandonPhillips



Stephen Fourie



Hendrik van Niekerk



Salie Solomons



Tim Rowley



John Brown



Werner Swanepoel



Erika van Niekerk